

**Vrydag 24 Januarie**

**Skrifgedeelte: 2 Samuel 7:1-16**

**Fokusgedeelte: 2 Samuel 7:11-13**

### **Die Seun van Dawid bou die kerk as God se tempel**

**D**awid sit gemaklik in sy weelderige paleis en beplan hoe hy vir God 'n beter woonplek wil bou. Die Here maak egter duidelik dat dit Hy is wat vir Dawid sorg, nie andersom nie. God woon tussen sy volk in 'n tent, omdat Hy besig is om hulle te versorg en om deur sy verlossing aan hulle rus te verskaf.

Hy herinner Dawid dat Hy hom as herder vir die volk aangestel het met die doel om hierin mee te werk. Dawid is veronderstel om sy roeping uit te leef en die volk te lei, nie om rustig in luuksheid agteroor te sit nie. So word ons ook geroep tot diens in sy koninkryk en nie om gemaklike passasiers in die kerk te wees nie.

Die Here belowe egter dat Hy Dawid se koningskap in sy nageslag tot in ewigheid sal bevestig en dat sy seun vir God 'n tempel sal bou. Dawid se seun Salomo het toe wel 'n kliptempel gebou.

Maar die ware vervulling van die profesie sou eers baie later kom toe die eintlike Seun van Dawid gebore is. Deur Jesus Christus as Koning verlos die Here sy volk volkome van al hulle vyande (ook die duiwel en die dood) en bewerk Hy vir hulle die ware rus waarin ons ewig kan deel. Deur sy Seun bou God sy kerk as die tempel waarin Hy woon en deur Wie Hy sy versoening aan die wêreld bedien.

Daarom word God nie gedien in tempels wat met hande gemaak is nie, maar in die eredienste van die gelowiges waar hulle toegerus word vir hulle dienswerk in hierdie wêreld.

*Sing: Psalm 100-1*

*Ds. HB Hattingh (Bernard) (Warmbad)*